

# Die soldate mishandel en bespot koning Jesus (19:1-3)

## D Die soldate mishandel en bespot koning Jesus (19:1-3) – Francois Malan

19:1 Die Romeine het drie soorte lyfstraf gegee: (i) *fustigatio* – wat Pilatus in Luk.23:16 voorgestel het: ‘nadat Hy gestraf is (*paideusas* – nie gésel, soos 1983-vertaal nie, maar met rottangs slaan), sal ek Hom loslaat’ – wat die Jode toe nie tevrede gestel het nie. (ii) *flagellatio* – met swepe, soos Mark.15:15 en Mat.27:26 se *fragelloein*). (iii) *verberatio* – met ‘n kats, swepe met stukkies been en lood aan, soos Johannes 19:1 se *mastizoo* in Grieks).

Volgens Mat.27:26 en Mark.15:15 lyk dit asof die lyfstraf deel is van die doodstraf aan ‘n kruis, soos die Romeine gewoonlik gedoen het. In die lig van Johannes 19:4-16 lyk dit asof Pilatus die géseling in plaas van die kruisiging aangebied het om Jesus vry te laat.

19:2-3 Nadat die soldate Jesus gegésel het, maak hulle spottenderwys ‘n karikatuur van sy koningskap. Soos die goddelike keiser van Rome met ‘n lourierkrans op sy kop op hulle munte, kry Jesus ‘n kroon, maar gevleg van takke met lang dorings; ‘n sodate-mantel boots die koninklike rooi-pers kleeed na; in plaas van die eerbiedige *Ave Caesar!* klinkhulle spotgroet ‘Gegroet, koning van die Jode!’; in plaas van die soen van die keiser se ring, klap hulle Hom herhaalde maal deur die gesig (vgl. Jes.53:7).

### **C1 Buite: Pilatus vind Jesus onskuldig – Dit is die Mens! (19:4-8)**

19:4-5 Pilatus probeer weer om die Jode se instemming te kry vir Jesus se vrylating: ‘Kyk, ek bring Hom vir julle uit sodat julle kan weet ek vind geen skuld in Hom nie!’ Met sy belaglike kleeed en doringkroon, met strome bloed en ‘n

opgeswelde gesig bring Pilatus Hom na hulle uit om te toon hoe onskadelik Jesus is, en hoe belaglik hulle aanklag teen Hom is.. 'Kyk! Die Mens!' Vir die Evangelie-skrywer moet die Jode ag slaan op God wat 'dié Mens' geword het (1:14), tot die diepste van die mens se ellende. Die Koning van waarheid bring op dié manier sy koninkryk na die mensdom wat mense se bloed vergiet en wie se bloed vergiet word. God wat die mens na sy beeld geskep het, moes die verwronge beeld van die verworde mens kom aanneem, om deur die diepte van sy liefde, weer sy beeld in ons gestalte te laat kry (Gal.4:19; Flp.2:7-8).

19:6 Pilatus wou die Jode se woede teen Jesus afkoel met die mishandeling van Jesus. Maar misgis hom weer met die reaksie van die Joodse leiers en volk. Hulle haat vlam in felheid op met hulle kreet: 'Kruisig Hom, Kruisig Hom!' In woede skreeu Pilatus terug: Vat júlle Hom self en Kruisig Hom, want ék vind geen skuld in Hom nie (vgl. 18:31a). Met die klem op 'julle' teenoor 'ek' verontskuldig Pilatus homself en weier om hulle eis uit te voer. Hy laai die skuld vir Jesus se kruisiging op die Jode, want hy weet Jesus is onskuldig aan hulle aanklag van opstand teen die Romeinse regering. Dit is die tweede maal dat Pilatus sê dat Jesus onskuldig is (18:38).

19:7 Die Jode het geen argumente om met Pilatus se onskuldigverklaring op grond van die Romeinse wette te stry nie. Daarom val hulle terug op hulle wette, waarvolgens hulle Jesus tot die dood veroordeel het weens godslastering, deur Hom as die Seun van God voor te doen (5:18; 10:31-33 op grond van Lev.24:16). Dit was die klag teen Hom by die verhoor voor Kajafas, wat nie deur Johannes beskryf word nie (Mat.26:65-66). Jesus is wel nie 'n politieke oproermaker nie, maar volgens hulle 'n godsdienstige oproermaker, wat volgens hulle wette gestenig moet word. Maar die Romeine het hulle die reg ontnem om die doodstraf uit te voer (18:31).

19:8 Voorheen is nie gemeld dat Pilatus bang geword het nie, maar met sy ondervraging van Jesus het hy onder die indruk van die andersheid van Jesus gekom, en Jesus se gelate reaksie oor sy géseling het hom ontsenu. Nou hoor hy dat hy met 'n god te doen het wat die gestalte van 'n mens aangeneem het (soos destyds wel geglo is, vgl. Hand.14:11), en hy vrees wat die gode met hom sal doen oor bv. sy géseling van Jesus.

# **B Binne – Pilatus ondervra Jesus oor koningskap (18:33-38a)**

## **B Binne – Pilatus ondervra Jesus oor koningskap (18:33-38a) – Francois Malan**

18:33 Pilatus se ondervraging van Jesus in die hofsaal begin met sy vraag: Is jy die koning van die Jode? (Die Romeinse reg het vereis dat die hoofklag teen 'n gevangene drie maal aan hom in die hof gestel moes word). Uit Pilatus se vraag is af te lei dat die owerpriesters hulle godsdienstige aanklag van godslastering, dat Jesus Homself God maak, vir die Romeinse goewerneur verander het na 'n politieke aanklag van opstand teen die regering, as die Messias/Christus/Gesalfde koning, wat die Jode verwag om hulle van die Romeinse oorheersing te bevry (Mat. 26:63-66). Die ander Evangelies bied Jesus se antwoord direk na die vraag aan. Johannes gee die antwoord eers in vers 37 nadat hy 'n kritieke verklaring van die aard van Jesus se koningskap aanbied:

18:34-35 Jesus, as die eintlike Regter, stel eers 'n wedervraag om Pilatus te ondervra: Is dit 'n persoonlike vraag wat Pilatus gevra het: het jy dit uit jouself gesê? deur Jesus as koning te begin erken – 'n spontane erkenning dat hy in die teenwoordigheid van 'n koning is; of is dit 'n slegs 'n herhaling van wat ander vir hom oor Jesus gesê het – 'n formele aanklag van die Jode. Beide Jesus en Pilatus wil by die waarheid agter die pretensie kom: Jesus wil weet of Pilatus self tot 'n sekere insig oor Hom gekom het, wat na

verdere insig oor Hom kan lei. As dit bloot die Joodse aanklag is, is Pilatus reeds in die verkeerde koers sonder enige insig in wat Jesus se koningskap beteken.

Pilatus toon sy minagting vir die Jode met sy wedervraag: Ek is mos nie 'n Jood nie, is ek? Hy ontken enige kennis van Jesus behalwe dat Jesus se eie volk en owerpriesters Hom aan hom oorgelewer het (*paradidoomi*). Daarom sy volgende vraag: wat het jy gedoen? – dat hulle jou aan my oorgegee het om ter dood veroordeel te word. Dit is duidelik hy is nie tevrede is met die aanklag wat die Jode teen Jesus gebring het nie. Het Hy slegs Joodse tradisies verbreek, of het Hy werklik 'n misdaad gepleeg wat deur die Romeinse hof gestraf moet word?

18:36 Jesus antwoord nie direk op Pilatus se vraag nie, maar sê iets oor sy koningskap. Jesus ontken nie dat sy koninkryk oor mense regeer en hulle lei om in gehoorsaamheid aan Hom op te tree in die wêreld nie, maar sy koningsheerskappy oor mense se lewens het nie sy oorsprong in hierdie wêreld nie, en gebruik nie die politieke magsmiddele van hierdie wêreld met 'n leërmag wat met geweld veg teen sy vyandige volksgenote, die Jode, nie – daarom moes Petrus sy swaard terugtrek van die hoëpriester se slaaf af, en het Jesus Homself sonder weerstand aan die Jode oorgegee.

18:37 Van Jesus se verwysing na sy koninkryk lei Pilatus korrek af dat Jesus dan tog 'n koning is. En op sy vraag antwoord Jesus: jy sê dat Ek 'n koning is – daarmee erken Hy dat Hy 'n koning is, maar nie soos Pilatus oor sy koningskap dink nie. Nadat Jesus in 18:36 gesê het wat sy koninkryk nie is nie, antwoord Hy Pilatus se vraag wat sy koninkryk wel is, die koninkryk van waarheid. Met 'n dubbele stelling bevestig Hy dat Hy van die teenwoordigheid van God af kom (gebore) en na die wêreld toe gekom het (menswording) om oor die waarheid te getuig – om oor God se verlossende heerskappy te getuig met woord en daad, as beliggaming van God se waarheid.

Die betekenis van Jesus se koningskap is nie om wêreldlike mag te verkry nie, maar is 'n hemelse sending tot diens aan die waarheid; nie met geweld nie, maar deur getuienis. Sy hele lewe en wese is die waarheid van God se liefde vir die wêreld (14:6; 3:16).

Sy onderdane is elkeen wat uit die waarheid is, wat sy getuienis aanvaar. Dit is dié mense wat die Vader aan

Hom gee (6:37,39, 44,65; 10:29; 17:2,6-9,12,24; 18:9).

18:38a Jesus se getuienis oor sy koninkryk van die waarheid impliseer 'n uitnodiging om deel daarvan te word. Dit plaas Pilatus voor 'n persoonlike beslissing. Daarmee plaas die Gevangene sy regter in die beskuldigde bank, maar die oop deur na Jesus toe, om te luister wat Hy sê, word deur Pilatus ontwyk met 'n vraag na die waarheid, na die sin van die lewe. Die mens se soeke na waarheid vind egter slegs by Jesus die sin van die lewe, soos God dit bedoel het vir sy skepsels. Dit is duidelik uit Pilatus se optrede dat hy nie 'uit die waarheid' is nie. Hy het duidelik nie die waarheid van God wat voor Hom staan herken nie. Hoewel Pilatus persoonlik neutraal staan teenoor Jesus, is hy oortuig dat Hy geen politieke bedreiging inhou, soos die Jode gesuggereer het nie. Sy koninkryk van waarheid is nie 'van hierdie wêreld ' nie.

C Buite – Pilatus vind Jesus onskuldig; hulle kies Barabbas(18:38b-40)

18:38b-39 Pilatus gaan uit na die Jode om Jesus onskuldig te verklaar, maar die swakkeling is te lafhartig om sy eie bevinding deur te voer. In plaas daarvan verkrag hy die reg om die Jode te behaag. Hy handig sy verantwoordelikheid om reg te spreek oor aan die Jode, wat juis vir Jesus aangekla het: 'ek vind geen skuld in Hom nie...wil julle dat ek die Koning van die Jode (ironies) vir julle loslaat? Hy verruil sy Romeinse reg vir die Joodse gebruik dat die goewerneur vir hulle met Paasfees een man (wat skuldig bevind is) uit die gevangenis los laat. So neem die onskuldige Seun van God die skuld van die sondaar op Hom.

18:40 Hulle skreeu: nie hierdie een nie, maar Barabbas! Die aanklaers verwys met minagting na 'hierdie een' en kies die opstandeling (vryheidsvegter *lestes*) teen die Romeinse gesag (Luk.23:19 sê Barabbas was in die tronk oor 'n opstand in die stad en oor moord; vgl. Mark.15:7; Mat.27:16 noem hom 'n berugte gevangene – enkele manuskripte noem hom Jesus Barabbas). Jesus (die Here verlos) Christus teenoor Jesus Barabbas (die seun van die vader) – die Jode kies 'die Here verlos' deur geweld, bo 'die Here verlos' deur liefde.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

---

# Jesus se verhoor voor Pilatus (18:28-19:16)

## Jesus se verhoor voor Pilatus (18:28-19:16) – Francois Malan

Terwyl die ander Evangelies uitbrei oor die verhoor voor die Joodse Raad, stel Johannes nie so baie daarin belang as in die verhoor voor Pilatus nie, waar die Joodse leiers die aanklaers is en die Romeinse regeerder die regter. Vir Johannes is dit die werklike verhoor. Die verhoor vind plaas in sewe episodes met wisseling tussen binne en buite Pilatus se ampswoning waar hy vir die Paasfees tuisgaan (gewoonlik bly hy in Caesarea, maar kom met feesgeleenthede met 'n versterkte leërmag na Jerusalem om orde te handhaaf).:

A Buite – 18:28-32

A1 Buite – 19:12-16

Jode eis die doodstraf vir Jesus  
vir Jesus Jode verkry die doodstraf

B Binne – 18:33-38

B1 Binne – 19:9-11

Pilatus ondervra Jesus oor koningskap  
Pilatus praat met Jesus oor mag/gesag

C Buite – 18:38-40

C1 Buite – 19:4-8

Pilatus vind Jesus onskuldig  
Pilatus vind Jesus onskuldig

Die keuse vir Barabbas  
Dit is die Mens

D Binne – 19:1-3

Die soldate mishandel en bespot koning Jesus

Binne, in die kalm redelike atmosfeer van die hofsaal vind Pilatus Jesus twee maal onskuldig. Buite is daar 'n geskreeu wat die haat vir Jesus uitdruk. Die druk op Pilatus is geweldig. Pilatus se heen-en-weer loop tussen buite en binne gee uitdrukking van sy innerlike worsteling. Hoe sekerder hy word van Jesus se onskuld, hoe groter word die druk deur die Jode om Jesus skuldig te vind.

Die verhoor gaan oor Jesus se KONINGSKAP. In B word die aard van sy koningskap bespreek. In C en A1 verklaar Pilatus dit. D beskryf 'n spottende kroning van Jesus. In C1 word die 'koning' aan sy 'onderdane' bekend gestel, en hulle 'eer' hulle koning met uitroepe van 'kruisig Hom!.' Johannes verbind Jesus se koningskap met sy verwerping en lyding, dat Hy onskuldig ly, en dat Hý die werklike Regter is.

A Buite – Die Jode eis die doodstraf vir Jesus (18:28-32)

18:28 Na die onwettige nagtelike vergadering van die Joodse Raad in Kajafas se huis om die aanklag teen Jesus voor te berei (wat Johannes nie beskryf nie, maar wat uit die vervolg afgelei kan word), bring hulle die geboeide Jesus in die vroeë oggend (*prooi* vgl. Openb. 2:28 se 'môrester' *astera prooinon*) na die praetorium, die ampswoning van die praeses, die Romeinse goewerneur (in teenstelling met vandag se regters, het die Romeine vroeë dag begin werk). Heel ironies wil die Jode nie die heidense ampswoning betree nie. Hulle wil nie onrein word en daardeur die slag van die Paaslam en die Paasmaaltyd misloop nie, maar hulle wil die Lam van God slag voor hulle Paasmaal. Numeri 9:6-11 bepaal dat iemand wat aan 'n lyk raak eers 'n maand later die Paasmaal mag eet. Om rein

te bly volgens hulle vormgodsdienis bly hulle buite die amptswoning van die heidense goewerneur met harte wat onrein is, en verbeur so die openbaring van die Waarheid van God aan die heidense goewerneur (vgl. Mat.23:13).

18:29 Pilatus gaan uit na die buitenste tribunaal (*bema* regbank) in die binnehof en vra: wat is die offisiële klag teen die mens (*anthroopos*)? Pilatus is bewus van wat aangaan, want hy het reeds sy soldate gestuur om Jesus te gaan arresteer saam met die tempelpolisie (18:3). Maar hy gaan nie bloot hulle veroordeling van Jesus bekragtig sonder 'n verhoor volgens die Romeinse reg nie.

18:30 Hulle antwoord is buitengewoon vaag. Hulle klink nie te seker van hulle saak teen Jesus nie: 'as Hy nie 'n kwaaddoener/gewoontemisdadiger (*kakon poioon* die werkwoord veronderstel dat Hy dit voortdurend doen, vgl 18:23) was nie, sou ons Hom nie aan jou oorgelewer het nie' (*paradidomi* dieselfde woord wat in 13:21 vir 'verraai' gebruik is). Dit gaan nie oor spesifieke oortredings nie, maar oor die lewe en karakter van Jesus. Hulle verwerp Jesus se hele optrede en verkondiging as oortreding van die wet van God soos hulle dit verstaan en verkondig.

18:31 Pilatus se antwoord is ironies en vernederend. As hulle vae antwoord dan impliseer dat Jesus 'n gewoontemisdadiger is volgens hulle wette, moet hulle Hom daarvolgens gaan beoordeel, en nie die Romeinse owerheid met hulle godsdienstige sakies kom lastig val nie. Die Joodse Raad kon volgens die Joodse reg iemand oor godsdienstige sake laat stenig (vgl. bv. Lev 24:14-16). Toe Judea egter in 6 n.C. onder Romeinse bewind beland moes die goewerneur toestemming tot die doodstraf verleen. Hy het die *jus gladii* (die reg van die swaard). Met hulle opmerking verwag hulle dat Pilatus vir Jesus die doodstraf moet oplê op grond van hulle bewering dat Hy volgens hulle wet 'n gewoontemisdadiger is [Vitellus, Die verteenwoordiger van die keiser oor die hele Sirië, stel in 36 n.C. vir Marcellus aan as sy verteenwoordiger sonder volmag, nadat hy Pilatus afgesit het. Toe Vitellus die Romeinse gesag in Mesopotamië gaan vestig, het die Joodse Raad vir Stefanus onwettig laat stenig in die afwesigheid van Vitellus, wat eintlik die Jode goedgesind was.]

18:32 Die Evangelie-skrywer merk op dat Jesus se woord in 3:14 en 12:32-33 oor sy dood as 'verhoging van die aarde af' daardeur vervul word. Die Jode wou spesifiek hê Jesus moet volgens die Romeinse manier doodgemaak word, nie deur steniging nie, maar deur kruisiging, want dit behels die vloek van die wet – Deutr. 21:23: want wie opgehang word, is deur God vervloek...en verontreinig die land. Die Jode wou nie toelaat dat Jesus deur die volk as 'n martelaar vir God se saak beskou word nie, maar as 'n bedrieër wat onder God se vloek gesterf het. Die Evangelis sien sy kruisiging juis as die vervulling van God se liefdesoffer, wat almal wat dit wil aanvaar, na Hom toe sal trek om in Hom die ewige lewe van God te verkry (God het Jesus reeds twee maal 'n Joodse steniging laat ontsnap, 8:59; 10:31, sodat alle nasies na Hom toe getrek word deur sy verhoging aan die kruis vir baie mense; vgl. Mat. 20:28).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

---

## **Jesus deur die Hoëpriester ondervra en drie maal deur Petrus verloën (18:12-27)**

**Jesus deur die Hoëpriester ondervra en drie maal deur Petrus verloën (18:12-27)  
– Francois Malan**

18:12-14 Die kommandant (letterlik:owerste oor duisend) laat Jesus arresteer en boei as 'n misdadiger. Hulle neem Hom eers na Annas vir 'n voorverhoor (wat nie in die Sinoptiese

Evangelies genoem word nie).

Hoëpriester en voorsitter van die  
Sanhedrin Romeinse goewerneur in Palestina

6-15 n.C. Annas aangestel deur  
6-9 n.C. Koponius

9-12 Ambibulus

12-15 Rufus

afgesit deur  
15-26 Valerius Gratus

18-36 Kajafas aangestel deur  
Valerius Gratus

(Annas se skoonseun)  
26-36 Pontius Pilatus

afgesit deur  
36 Marsellus

36-37 Jonatan aangestel deur  
Marsellus

(seun van Annas)

37 - 41

Marullus

Al het die Romeine Annas afgesit behou hy onder die leiers en die volk steeds sy gesag veral oor sy skoonseun en vyf seuns en een kleinseun, wat van tyd tot tyd deur die Romeine aangestel was as hoëpriesters (Luk.3:1 noem hom en Kajafas saam hoëpriesters; vgl. Hand.4:6). Johannes identifiseer wie Annas is nadat Kajafas reeds in 11:49-52 voorgestel is (die ander Evangelies vertel niks van 'n voorverhoor voor Annas nie). Die tempelkompleks was snags gesluit, en die Joodse Raad het die nag dus onwettig in die hoëpriesterlike kompleks vergader, waar Annas ook in 'n afdeling gebly het. Die Hoëpriesters van die tweede tempel het 'n slegte reputasie onder die volk gehad as mense wat met omkoopgeskenke deur die Romeinse regering aangestel is, en met lis en geweld hulle wil op die priesters en die volk afgedruk het.

18:15-16 By die hoëpriesterkompleks word Petrus en die 'ander dissipel' in die binnehof toegelaat. Wie die 'ander dissipel' was, is onbekend. (sy bekendheid by die hoëpriester pas nie by die visser Johannes uit Galilea nie. As die 'geliefde dissipel' nie Johannes was nie, kon hy dalk die 'ander dissipel' gewees het, wat miskien die Evangelie geskryf het, soos baie teoloë dink. Johannes laat ons egter in die duister oor 'n paar name, o.a. 19:34 die soldaat wat die spies in Jesus gesteek het, die ander twee dissipels van 21:2, en die 'geliefde dissipel').

18:17 Slegs Johannes sê dat die slavinnetjie, wat vir Petrus gekonfronteer het, die poortwagter was. Petrus verloën eintlik sy eie dissipelskap van Jesus, maar daarmee indirek vir Jesus (13:38). Die slavin se vraag het die opening vir Petrus gelaat: Jy is tog nie een van hierdie man se dissipels nie? suggereer 'n negatiewe antwoord. Petrus se swakkeling-antwoord 'Ek is nie' (*ouk eimi*) staan in skerpe kontras met Jesus se vreeslose 'Ek, Ek is' (*egoo eimi*, 18:5). Petrus se toets het anders begin as wat hy hom voorgestel het met sy brawe uitspraak in 13:37 en met sy konfrontasie met die skare soldate en wagte (18:10). Hy faal egter die toets deur 'n onskuldig-klinkende vraag van 'n nederige slawemeisie.

18:18 So onopsigtelik moontlik skaar Petrus hom by die slawe en diensknegte se houtskoolvuur in die lente-koue. Deur hom met die hoëpriester se diensknegte te assosieer kruip hy weg vir enige verband met die Gevangene.

18:19-21 Annas wyk af van die gewone Joodse hofprosedure van getuies wat iemand beskuldig en as hulle saamstem word die man veroordeel, sonder dat hy homself kan verdedig (Deutr.17:6; 19:15). Dit is daarom dat Jesus vra waarom Annas Hom ondervra. Annas se twee vrae begin oor Jesus se dissipels, maar Jesus praat nie oor hulle nie. Hy antwoord slegs oor Homself (twee maal sê Hy met nadruk 'Ek,' bygevoeg by die drie werkwoorde in die eerste persoon). Die vraag oor sy leer verwys Hy na die mense wat Hom en sy leer in die openbaar in die sinagoges en die tempel gehoor het. Volgens Deutr. 13:1-10 kom die valse profeet na 'n enkeling om hom aan te hits tot opstand teen die Here en sy wil, om ander gode te dien (13:1-5) en doen dit in

die geheim om jou tot ander gode te verlei (13:6). 'n Valse profeet verdien die doodstraf (13:5,9) volgens hulle wet. Annas lok Jesus uit om Homself te inkrimineer. Maar Jesus sien deur sy poging en verklaar dat Hy met die mense (letterlik: die mensewêreld) in die openbaar en met vrymoedigheid gepraat het, nie om mense te verlei om ander gode te volg nie. Reeds in 7:12,47 het van die Jode gesê Hy verlei die mense.

18:22-23 'n Lid van die tempelpolisie meen hy moet die eer van God se hoëpriester beskerm met 'n beledigende klap in die gesig van die Seun van God, wat nie voor Annas skuldig bewys is nie – 'n optrede wat strydig is met die reëls van die Joodse Raad. Jesus verdedig die reg: as ek verkeerd (*kakoos* sleg) gepraat het, sê dit (letterlik: lê getuienis af – nl. voor die hof van ondersoek) van die boosheid (*kakos*) – daarvan; as dit reg (*kaloos* goed) is, waarom slaan jy my? Jesus ontken enige geheime of ondermynende optrede en vereis dat hulle getuies roep om onder eed te kom getuig waarin Hy die mensewêreld sou verlei het (18:19-21). Jesus eis dat reg en geregtigheid in die wêreld en veral in die kerk sal geskied.

18:24 Annas sien hy kan geen bewyse vind of self eer verkry uit hierdie vreemde Aangeklaagde nie, en stuur Hom geboeid na Kajafas, die hoëpriester. Annas erken daarmee dat hy nie dink Jesus is onskuldig nie (Annas het waarskynlik gebaat by die verkopings en geldwisselary wat Jesus uit die tempel verdryf het, 2:14-16, en is waarskynlik nog kwaad daaroor).

18:25-26 Terwyl Jesus geboeid maar vreesloos voor die hoëpriester vir die reg opkom, maak Petrus sy hande warm by die vuur van die diensknegte van die hoëpriester. Soos met die slavinnetjie het hulle vraag ook die opening vir Petrus gelaat: Jy is tog nie een van hierdie man se dissipels nie? Die vraag suggereer ook 'n negatiewe antwoord. Petrus se tweede verloëning van sy dissipelskap, en daardeur vir Jesus, is weer: Ek is nie.

18:27 Die familielid van Malgus se vraag word so gestel dat 'n positiewe antwoord verwag word: Het ek jou dan nie saam met hom in die tuin gesien nie?

Vir die derde maal verloën Petrus sy verbintenis met Jesus, en direk daarna kraai die haan, soos Jesus vir Petrus gewaarsku het (13:38). [In Bach se Matteus-passie kraai die haan 'n paar note hoër op die wysie van Petrus se 'Ek ken die man nie,' as eggo van Petrus se ego, wat daardeur afgeblaas word, saam met die aankondiging van die aanbreek van die nuwe dag]

Die drie maal se verloëning word deur al vier Evangelies vertel, maar verskil in die besonderhede daarvan, veral oor die plek daarvan, hier in Annas se binnehof, by die ander drie in Kajafas se binnehof. In Markus 14:69 is dit dieselfde diensmeisie wat hom die tweede keer konfronteer, in Lukas 22;58 'n ander manlike persoon. Net Johannes identifiseer die derde ondervraer.

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)